netwerk24.com

# Oudredakteurs vra vrae oor koerante-plan

Send to Kindle

---

Geagte prof. Jafta

Re Media24 se besluit rakende die algehele sluiting van Beeld en Volksblad asook die gedrukte weergawe van Rapport met ingang 1 Oktober 2024:

Ons rig dié brief aan u in ons hoedanigheid as oudredakteurs van die Naspers/Media24-publikasies Die Burger, Volksblad, Beeld en Rapport.

Ons boekstaaf hiermee ons teleurstelling en ernstige kommer oor die gevolge van dié besonder drastiese ingryping, nie net vir gehalte-joernalistiek in Afrikaans nie, maar ook vir die breë Afrikaanse gemeenskap.

Ons verstaan die oorhoofse sakeredes. As oudredakteurs weet ons maar te goed die koste van druk- en verspreiding het onhoudbaar geraak. Ons besef ook die toekoms vir nuusmedia is digitaal en dat wêreldwyd die gedrukte media teen ’n versnelde tempo digitaliseer. Elders ter wêreld oorleef sekere drukmedia steeds, ook in die VSA, hoewel Warren Buffett en Jeff Bezos onlangs nog daarin belê het. Dit ter syde.

Maar ons lewer ’n ferm pleidooi vir die behoud van gehalte-joernalistiek in Afrikaans onder die vaandel van mashoofde wat oor dekades heen bekend en gerespekteer is in die Afrikaanse gemeenskap. Ons versoek ook dat al die geraakte titels op die Netwerk24-platform voortleef in PDF-formaat

Voorts vra ons dat Media24 se redaksionele spanne – wat mettertyd almal in die digitale sfeer sal werk – moet kan reken op dieselfde toewyding en hulpbronne

as wat hul voorgangers in die druk-era van Naspers/Media24-direksies ontvang het.

Lede van die topbestuur van Media24 gee nou in die openbaar te kenne dat geen verskraling sal gebeur wanneer die drukweergawes gesluit word nie. Maar hoe gaan dit moontlik wees as redaksionele poste afgeskaf word en begrotings gesny word op ’n skaal wat nog nooit voorheen in Naspers/Media24 gesien is nie? Die waardeketting in die nuusbedryf – digitaal of gedruk – begin immers by bekwame redaksies wat met hulpbronne ondersteun word.

Sedert die stigting van Die Burger in 1915 was Naspers/Media24 se Afrikaanse koerante ’n markplein vir idees, uitdagings, verkennende denke en om, in Ton Vosloo se woorde, “te publiseer vir ’n voller samelewing”. Dis waar Afrikaanse mense met mekaar stoei, stry, verskil en saamstem, waarna hulle meestal vorentoe beweeg. Tans is ons Afrikaanse titels een van die ruimtes waar wit en veral bruin Afrikaanssprekendes bymekaar kom in een taalgemeenskap. Hierdie kultuurskat moet tot elke prys behoue bly. Daarby glo ons ’n lewenskragtige, diverse Afrikaanse media, verbind tot die vooruitgang van die totale SA gemeenskap, is ’n bate wat koestering verdien.

Ten slotte wil ons ons kommer betuig oor die verskraling van die Afrikaanse leefwêreld wat die beoogde planne sal meebring. In die grootste gedeelte van die land bestaan Afrikaans nie meer as ’n regstaal nie. Afrikaans se status as ’n volwaardige akademiese taal hang aan ’n draadjie. Die Afrikaanse taal en kultuur verdien nie bywonerstatus in ’n demokratiese SA nie.

Ja, daar is steeds Afrikaanse skole, Afrikaanse kunstefeeste, ’n gerespekteerde teaterbedryf, Afrikaanse rolprente, ’n dinamiese letterkunde, enkele Afrikaanse tydskrifte en die TV-kanale kykNET en VIA. Maar al dié instellings funksioneer in ’n ekosisteem waarvan lewenskragtige Afrikaanse nuusplatforms die suurstof én die bloedsomloop is. Die afskaling van ’n behoorlike nuusaanbod in Afrikaans, dus die verwatering van eerstehandse verslaggewing, sal ’n domino-effek op die hele taalgemeenskap hê.

Ons versoek dat die Media24-direksie die besluit ter sprake heroorweeg om geleentheid te bied vir wyer oorlegpleging en besinning. Laat belanghebbendes toe om voorstelle te doen oor hoe die negatiewe impak van die besluit soos dit tans staan, teëgewerk of versag kan word. Oorweeg ook voorstelle van buite die maatskappy wat die lewe kan verleng van die gedrukte weergawes, al is dit tydelik. Dit sluit in gemeenskapskoerante.

Ons verneem graag u reaksie.

Dié 14 teken

1. Ton Vosloo (Beeld 1977 –1983)2. Hennie van Deventer (Die Volksblad 1980 – 1992)3. Ebbe Dommisse (Die Burger 1990 – 2001)4. Johan de Wet (Volksblad 1992 – 1994; Beeld 1996 – 1999; Rapport 1999 – 2001)5. Willie Kühn (Beeld 1993 – 1996)6. Paul Marais (Die Volksblad 1994 – 1999)7. Jonathan Crowther (Volksblad 1999 – 2009)8. Peet Kruger (Beeld 2001 – 2009; 2011 – 2013)9. Tim du Plessis (Rapport 2001 – ’08; Beeld 2009 – ’12)10. Bun Booyens (Die Burger 2010 – 2016)11. Bokkie Gerber (Rapport 2010 – 2012)12. Jo van Eeden (Volksblad (2012 – 2015)13. Waldimar Pelser (Rapport 2013 – 2022)14. Gert Coetzee (Volksblad 2015 – 2022)

‘Hoop dis in oorleg met Bekker’

Ton Vosloo, een van die ondertekenaars van die brief aan prof. Jafta, het ook ’n kort brief onder sy eie naam bygevoeg: “As redakteur wat Beeld in 1983 geneem het tot die enigste Afrikaanse dagblad in die Noorde ná die hewigste persstryd in die geskiedenis, het ek volle begrip vir die veranderende mediatoneel wêreldwyd. SA loop ook deur en die leiers van Media24 word daarmee gekonfronteer.

“Ek het vertroue dat hulle in oorleg met Naspers se voorsitter Koos Bekker die uitweg sal vind wat Afrikaanse joernalistiek sal rig op die volgende fase van sy deur- slaggewende bestaan.”

Vosloo is ook ’n voormalige Naspers-voorsitter.

Rapport het Sondag berig Ishmedt Davidson, uitvoerende hoof van Media24, het by navraag oor die oudredakteurs se brief gesê die maatskappy twyfel nie dat die redakteurs se mening gewortel is in werklike kommer oor die stand van joernalistiek en die toekoms van Afrikaans nie.

"Hoewel dit op die oog af dalk nie so mag blyk nie, is dit 'n gedeelde belang by, maar ook in 'n haalbare toekoms vir sowel gehalte-joernalistiek in Afrikaans, as die taal binne 'n breër konteks, wat 'n groot onderbou vorm van ons onlangse aankondiging."

Volgens hom sal Media24 met die groep in gesprek tree."Dit sal help om wedersydse begrip te kry vir die kommer en voorstelle, maar ook vir die harde feite en ons uiteindelike visie vir die pad vorentoe."

Kommentaar:

Die brief deur 14 oudredakteurs, oor die jongste woelinge in die Afrikaanse mediabedryf is uiters welkom en belangrik.

Dit is bewese name uit die ryke joernalistieke geskiedenis van die land en sluit nie net oudredakteurs van Beeld in nie, maar ook lede van Beeld se stigtingsredaksie vyftig50 jaar gelede.

Dit sal daartoe bydra dat die waardigheid van joernaliste herstel word, iets wat onvermydelik aangestas is deur hul ervaring die afgelope weke. Oudkollegas en voorgangers, baie dankie daarvoor.

In die konsultasieproses wat volg op Media24 se voorstelle sal alternatiewe voorstelle ook deur myself en ander gedoen word. Dit sal onder meer 'n opsie vir 'n voortgesette drukkoerant insluit.

'n Koerant is per se 'n markplein vir robuuste meningswisseling – bepaald ook 'n kenmerk van Beeld.
Daarom publiseer ons ook deurgaans verskillende menings oor dié kwessie. – **Barnard Beukman, Redakteur**

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/oudredakteurs-vra-vrae-oor-koerante-plan-20240701